



# Treevix®

GROUP	14	HERBICIDE
-------	----	-----------

Reg. No. L10406

Act No. 36 of 1947

READ ATTACHED PACKAGE OR LEAFLET BEFORE USE  
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

**A water dispersible granular herbicide for post-emergent control of broadleaf weeds in citrus.**  
**'n Waterdispergeerbare korreloonkruidodder vir die na-opkomsbeheer van breëblaaronkruide in sitrus.**

Suspected of damaging the unborn child.  
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.  
Wear protective gloves, protective clothing and eye protection or face protection.  
IF exposed or concerned: Get medical attention.



**Active ingredient / Aktiewe bestanddeel:** Saflufenacil (pyrimidinedione) ..... 700 g/kg

## 0.50 kg

**Registered by / Geregistreer deur:**

BASF South Africa (Pty) Ltd  
Co. Reg. No. 66/10235/07  
852 Sixteenth Road  
P.O. Box 2801  
Halfway House 1685  
+27 11 203 2400

BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk  
Mpy Reg. Nr 66/10235/07  
852 Sestiende Laan  
Posbus 2801  
Halfweghuis 1685  
+27 11 203 2400

**EMERGENCY NUMBER / NOODNUMMER: +27 82 446 8946**

**Batch No. & Date manufactured:** Refer details printed on container  
**Lotnommer & Datum vervaardig:** Verwys na besonderhede gedruk op houer



## WARNINGS

### Hazard Statements

- Suspected of damaging the unborn child.
- Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**Withholding periods:** Allow the following minimum number of days between last application and harvesting or grazing:

Citrus	7 days
--------	--------

- Handle with care.
- Harmful if swallowed.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Store away from food and feed.
- RE-ENTRY INTERVAL: Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

**Although this remedy has been tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof, may be affected by factors, such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weeds, against the remedy concerned, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility, for damage to crops, vegetation, the environment, or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned, due to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier, in the event of any uncertainty.**

## PRECAUTIONS

### Precautionary Statements

- If medical advice is needed, have product container or label at hand.
  - Keep out of reach of children.
  - Read carefully and follow all instructions.
  - Wear protective gloves, protective clothing and eye protection or face protection.
  - Obtain special instructions before use.
  - Do not handle until all safety precautions have been read and understood.
  - Collect spillage.
  - IF exposed or concerned: Get medical attention.
  - Store locked up.
  - Dispose of contents and container to hazardous or special waste collection point.
- 
- Do not inhale dust or spray mist.
  - Wash contaminated clothing daily.
  - Wash with soap and water after accidental skin contact.
  - Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
  - Do not contaminate springs, dams, rivers, or any water bodies.
  - Do not smoke, eat or drink during mixing and spraying operations, or before washing hands and face thoroughly.
  - Avoid spray drift onto other crops, grazing, and areas not under treatment.
  - TRIPLE RINSE empty containers in the following manner: Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
  - Destroy empty container by perforation and flattening and dispose of it in a safe way and never re-use the empty container for any other purpose.

## RELEVANT SUBSTANCES

Hazardous ingredients According to UN GHS criteria	CAS number	Concentration (W/W)
saflufenacil (ISO); N'-(2-chloro-4fluoro-5-[1,2,3,6-tetrahydro-3-methyl-2,6-dioxo-4-(trifluoromethyl)pyrimidin-1-yl]benzoyl)-N-isopropyl-N-methylsulfamide	372137-35-4	70,36 %
Ammonium sulphate	7783-20-2	< 20 %
Lignin, alkali, reaction products with disodium sulfite and formaldehyde	105859-97-0	< 10 %
Residues (petroleum), catalytic reformer fractionator, sulfonated, polymers with formaldehyde, sodium salts	68425-94-5	< 10 %
Sodium diisopropyl-naphthalenesulphonate	1322-93-6	< 5 %

## FIRST AID TREATMENT

Remove contaminated clothing.

<b>ON CONTACT WITH EYES:</b>	Wash affected eyes for at least 15 minutes under running water with eyelids held open.
<b>ON INGESTION:</b>	Immediately rinse mouth and then drink 200 to 300 ml of water. Seek medical attention.
<b>ON SKIN CONTACT:</b>	Wash thoroughly with soap and water.
<b>IF INHALED:</b>	Keep patient calm, and remove the patient to fresh air. Seek medical attention.

**Treatment:** Treat according to symptoms (decontamination, vital functions). No known specific antidote.

## RESISTANCE WARNING

For resistance management, **Treevix®** is a HRAC group code 14 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **Treevix®** and other group code 14 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly and exclusively in programmes. These resistant weeds may not be controlled by **Treevix®** or any other group code 14 herbicides.

To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same Herbicide Group Code. Alternate or tank mix with products from different herbicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

**FOR SPECIFIC INFORMATION ON RESISTANCE MANAGEMENT, CONTACT THE REGISTRATION HOLDER, BASF South Africa (Pty) Ltd.**

## DIRECTIONS FOR USE

USE ONLY AS DIRECTED

### Mode of Action:

Saflufenacil acts through inhibition of protoporphyrinogen-oxidase (PPO). Saflufenacil is readily absorbed by roots and foliage, and plant death is the result of membrane damage.

### Herbicidal Activity:

- **Treevix®** provides contact burndown broadleaf weed control with some residual soil activity, on actively growing weeds. Burndown activity may be reduced on weeds previously mowed or cut. An adjuvant is required with **Treevix®** for optimum burndown activity. Burndown activity may be slowed or reduced when weeds are stressed.
- **Treevix®** does not control grass weeds and their control is achieved by the addition of a registered glyphosate herbicide to the tank mixture, provided that the application is made prior to inflorescence.

- Due to the rapid uptake and specific mode of action of **Treevix®**, the herbicidal effect on broadleaf weeds will normally be visible within two to three days after application.

### Compatibility:

**Treevix®** is compatible with Roundup® (L407) and Roundup® Turbo (L7166), methylated seed oil, and Dash® HC (L7469). Read and follow the applicable restrictions, limitations, and directions for use on all product labels included in the tank mixture.

### Mixing Instructions:

Fill tank  $\frac{1}{2}$  to  $\frac{3}{4}$  full with clean water and start agitation. Measure the required amount of **Treevix®** and premix this with at least 10 ℓ of water before adding it to the spray tank. Add the required amount of glyphosate 360 SL or glyphosate 450 SL to the spray tank while maintaining agitation. Add the required volume of adjuvant directly to the spray water and do not pour it through spray tank sieve. Fill the spray tank with water to the required level, while still maintaining agitation, to ensure thorough mixing of the spray mixture. Maintain agitation throughout the spraying operation. Any prepared spray mixture must not be left in the spray tank for any length of time, e.g. overnight. If the spray mixture is allowed to settle for any period of time, thorough agitation is essential before spraying is resumed.

### Use Restrictions:

- **Treevix®** is rainfast within one hour after application. Burndown activity may be reduced if rain or irrigation occurs within one hour of application.
- **Treevix®** is only to be applied as a directed spray using ground application equipment.
- Spray contact of tree foliage, flowers, buds, or fruit either directly via improper nozzle orientation, or indirectly via physical drift will result in crop injury.
- Ensure correct nozzle size to prevent misting of the spray swath.
- **Do not** apply **Treevix®** by means of aerial application.

- **Do not** apply **Treevix®** on weeds that are wet, dormant, covered with dust, or when damaged by frost.
- **Do not** apply **Treevix®** in dry conditions when weeds are stressed and wilted.
- **Treevix®** should be applied when growing conditions are favourable for optimum crop tolerance and weed control.

### Ground Application:

- Use ground application equipment that is in good working order, and correctly calibrated.
- Always apply **Treevix®** as a tank mixture with a registered glyphosate herbicide, such as glyphosate 360 SL (e.g. Roundup®) or glyphosate 450 SL (e.g. Roundup® Turbo). An adjuvant is also required for optimum burndown activity.
- Spray contact of tree foliage, flowers, buds, or fruit either directly via improper nozzle orientation, or indirectly via physical drift will result in crop injury.
- Apply the **Treevix®** mixture using a water volume of 200 ℓ/ha.
- Ensure thorough wetting and complete coverage of weeds.
- Dense weed canopies may shelter small weeds and can prevent adequate spray coverage. It is therefore recommended that application is made when weeds are 15 to 30 cm in height. When targeting dense or larger weed populations, use higher spray volumes, or angled twin-jet nozzles to improve penetration of the weed canopy. When applying to larger weeds, a follow-up application may be required.
- Ensure that the sprayer is properly calibrated and that the spray applicator is fitted with suitable spray nozzles to facilitate an even distribution of the herbicide on the weeds whilst limiting misting of the spray swath.

**TABLE 1: Dosage rates**

CROP	DOSAGE / HA	DIRECTIONS FOR APPLICATION
CITRUS	50 g <b>Treevix</b> <sup>®</sup>	<b>Ground application:</b> Apply the <b>Treevix</b> <sup>®</sup> mixture as a direct-spray to weeds in 200 ℓ water per hectare when weeds are 15 to 30 cm in height.
	<b>PLUS</b>	
	3 ℓ glyphosate 360 SL (e.g. Roundup <sup>®</sup> )	Refer to <b>Compatibility, Mixing Instructions, Use Restrictions, and Ground Application</b> above.
	<b>OR</b>	
2,4 ℓ glyphosate 450 SL (e.g. Roundup <sup>®</sup> Turbo)		
<b>PLUS</b>		
500 mℓ methylated seed oil		
<b>OR</b>		
750 mℓ Dash <sup>®</sup> HC		

**WEEDS CONTROLLED**

**TABLE 2** lists the weeds controlled or suppressed when the recommended tank mixture is applied. Control of grass weeds can be expected when the recommended tank mixture is applied (refer to the label of the registered glyphosate herbicide applied for the list of grass weeds controlled in citrus orchards at the glyphosate dosage rate that is recommended in **TABLE 1**).

**TABLE 2: Broadleaf weeds controlled by a mixture of Treevix<sup>®</sup> and glyphosate**

<i>Bidens pilosa</i>	Blackjack	<i>Conyza bonariensis</i>	Flax-leaf fleabane
<i>Chamaesyce hirta</i>	Red milkweed	<i>Cosmos bipinnatus</i> **	Cosmos
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot	<i>Datura ferox</i>	Large thorn apple
<i>Chenopodium carinatum</i>	Green goosefoot	<i>Euphorbia heterophylla</i>	Wild poinsettia
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengal wandering jew	<i>Galinsoga parviflora</i>	Gallant soldier
<i>Convolvulus farinosus</i>	Wild bindweed	<i>Gnaphalium luteo-album</i> **	Jersey cudweed
<i>Conyza albida</i>	Tall fleabane	<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropical richardia
**suppression			

Although the recommended tank mixture may control other broadleaf weeds and grasses that were not present during the experimental efficacy trials carried out using this product, the registration holder does not accept responsibility for any weeds not listed on this label.

**Registrations and Trademarks:**

Roundup<sup>®</sup> is the registered trademark of Monsanto Technology LLC.

Dash<sup>®</sup> is the registered trademark of BASF.

Registration holder: Monsanto South Africa (Pty) Ltd

- Roundup<sup>®</sup> (L407)

- Roundup<sup>®</sup> Turbo (L7166)

Registration holder: BASF South Africa (Pty) Ltd

- Dash<sup>®</sup> HC (L7469)

## WAARSKUWINGS

### Gevaarstellings

- Vermoede dat dit die ongebore kind beskadig
- Baie giftig vir waterlewendende organismes met langdurige gevolge

**Onthoudingsperiodes:** Laat die volgende minimum aantal dae tussen die laaste toediening, en oes of beweiding, toe:

Sitrus	7 dae
--------	-------

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingesluk.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Bêre weg van voedsel en voer.
- HERBETREDING: Moenie die behandelde area betree voordat die plante afgedroog het nie, tensy die nodige beskermende klere gedra word.

**Alhoewel hierdie middel onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergings-toestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie, en die voorkoms van weerstand by onkruid teen die betrokke middel, beïnvloed kan word; die metode, tyd en akkuraatheid van toediening kan ook die werking en doeltreffendheid van die middel beïnvloed. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing nie, of vir nadelige uitwerking op mens of dier nie, of vir onvlodoende prestasie van die betrokke middel weens die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom nie, of weens voorkoms toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer, in geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMATREËLS

### Voorsorgverklarings

- Indien mediese advies nodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
- Hou buite bereik van kinders
- Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.
- Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oogbeskerming of gesigskerm.
- Verkry spesiale instruksies vir gebruik.
- Moenie produk hanteer voordat alle voorsorgmaatreëls gelees en verstaan is nie.
- INDIEN blootgestel of besorg: Verkry mediese hulp.
- Maak stortseel bymekaar.
- Berg agter slot en grendel.
- Raak ontslae van inhoud en houer deur na 'n gevaarlike- of spesiale-afval insamelinplek te besorg.

- Moenie die stof of spuitnewel inasem nie.
- Was besoedelde klere daagliks.
- Was met seep en water na toevallige velkontak.
- Voorkom kontaminasie van kos, voer, drinkwater en eetgerei.
- Moenie fonteine, damme, riviere of enige waterbronne kontamineer nie.
- Moenie rook, eet of drink tydens vermenging en toediening van die produk nie, of voordat hande en gesig deeglik gewas is nie.
- Verhoed wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weivelde en areas wat nie behandel word nie.
- Leë houers moet op die volgende wyse DRIE KEER UITGESPOEL word: Keer die leë houer oor die spuittenk of mengbak om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeitot 'n gedrup afgeneem het. Spoel die houer daarna drie keer, met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer, uit. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig die leë houer deur gate daarin te maak, dit plat te druk en op 'n veilige manier daarvan ontslae te raak, en moet dit nooit weer vir enige ander doel gebruik nie.

## RELEVANTE STOWWE

Gevaarlike Bestanddele Volgens UN GHS kriteria	CAS nommer	Konsentrasie (W/W)
saflufenacil (ISO); N'-{2-chloro-4fluoro-5-[1,2,3,6-tetrahydro-3-methyl-2,6-dioxo-4-(trifluoromethyl)pyrimidin-1-yl]benzoyl}-N-isopropyl-N-methylsulfamide	372137-35-4	70,36 %
Ammonium sulphate	7783-20-2	< 20 %
Lignin, alkali, reaction products with disodium sulfite and formaldehyde	105859-97-0	< 10 %
Residues (petroleum), catalytic reformer fractionator, sulfonated, polymers with formaldehyde, sodium salts	68425-94-5	< 10 %
Sodium diisopropyl-naphthalenesulphonate	1322-93-6	< 5 %

## NOODHULPBEHANDELING

<b>INDIEN IN DIE OË:</b>	Spoel aangetaste oë vir ten minste 15 minute met lopende water uit, terwyl die ooglede oopgehou word.
<b>INDIEN INGESLUK:</b>	Spoel mond dadelik uit en drink 200 tot 300 ml water. Kry mediese hulp.
<b>INDIEN OP DIE VEL:</b>	Was aangetaste area deeglik met seep en water.
<b>INDIEN INGEASEM:</b>	Hou die pasiënt kalm en verskuif die pasiënt na 'n area waar vars lug is. Kry mediese hulp.

**BEHANDELING:** Behandel simptome (ontsmetting, lewensbelangrike funksies). Daar is geen spesifieke teenmiddel nie.

## WAARSKUWING TEEN WEERSTAND

**Treevix®** is 'n HRAC Groepkode 14-onkruidodder wat vir weerstandsbestuur gebruik word. Enige onkruidpopulasie van 'n spesifieke soort mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Treevix®** of enige ander Groepkode 14-onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik en eksklusief in programme aangewend word, kan die weerstandige individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandige onkruid sal waarskynlik nie deur **Treevix®** of enige ander Groepkode 14-onkruidodder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- **Verm** die eksklusiewe, herhaaldelike gebruik van onkruidodders in dieselfde onkruidodder-groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengels van produkte in verskillende onkruidodder-groepcodes.
- **Integreer** ander beheermaatreëls (chemies, bewerking, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

**VIR SPESIFIEKE INLIGTING OOR WEERSTANDBESTUUR, KONTAK DIE REGISTRASIEHOUER, BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk.**

## GEBRUIKSAANWYSINGS

GEBRUIK SLEGS SOOS VOORGESKRYF

### Metode van werking:

Saflufenacil inhibeer protoporphyrinogen-oksidasie (PPO). Saflufenacil word deur wortels en blare geabsorbeer en veroorsaak membraanskade wat lei tot die afsterf van die plant.

### Onkruidodder-aktiwiteit:

- **Treevix®** veroorsaak breëblaaronkruidbeheer by wyse van kontakwegbranding, met 'n matige residuele grond-aktiwiteit op aktiefgroeiende onkruid. Wegbrandingsaktiwiteit mag laer wees op onkruid wat vooraf gesny is. Vir optimale wegbrandingsaktiwiteit moet 'n byvoegmiddel by **Treevix®** gevoeg word. Wegbrandingsaktiwiteit mag vertraag of verminder word wanneer onkruid onder stremming is.
- **Treevix®** beheer nie grasonkruid nie. Grasonkruidbeheer word verkry deur 'n geregistreerde glifosaatonkruidodder by die tenkmengsel te voeg, mits toediening voor die blomperiode van grasonkruid geskied.

- As gevolg van die vinnige opname en spesifieke werking van **Treevix®**, sal die onkruidodderende effek op breëblaaronkruid gewoonlik binne twee tot drie dae na toediening sigbaar wees.

### Verenigbaarheid:

**Treevix®** is verenigbaar met Roundup® (L407), Roundup® Turbo (L7166), gemeteleerde saadolie en Dash® HC (L7469). Lees en volg die toedieningsinstruksies, beperkinge en gebruiksaanbevelings op etikette van alle produkte wat deel vorm van die spuitmengsel.

### Menginstruksies:

Vul die spuittenk ½ tot ¾ vol met skoon water en begin om te meng. Meet die verlangde hoeveelheid **Treevix®** en meng dit vooraf met minstens 10 ℓ water voor dit by die water in die spuittenk gevoeg word. Voeg die verlangde hoeveelheid glifosaat 360 SL of glifosaat 450 SL by die spuitmengsel terwyl daar voortdurend geroer word. Voeg die verlangde volume byvoegmiddel direk by die spuitmengsel en moet dit nie deur die spuittenk se sif gooi nie. Vul die tenk met water tot by die verlangde vlak, terwyl voortdurend geroer word, om deeglike vermenging te verseker. Maak seker dat die spuitoplossing aanhoudend tydens bespuiting in oplossing bly. Aangemaakte spuitmengsels moenie in die spuittenk gelaat word vir 'n onbepaalde tyd, bv. oornag, nie. As die spuitmengsel toegelaat word om af te sak, moet dit weer deeglik geroer word voordat met toediening voortgegaan word.

### Gebruiksbeperkings:

- **Treevix®** is binne een uur na toediening reënvas. Wegbrandingsaktiwiteit mag verlaag indien dit binne een uur na toediening reën of wanneer die behandelde areas besproei word.
- **Treevix®** mag slegs as 'n gerigte spuit, met grondtoedieningstoerusting, toegedien word.
- Spuitkontak met blare, blomme, knoppe en vrugte van vrugtebome, hetsy direk weens foutiewe spuitneus-oriëntasie, of indirek weens fisiese drywing van spuitnewel, sal lei tot gewasskade.
- Maak seker dat die korrekte spuitneusgrootte gebruik word om spuitnewel te voorkom.

- **Treevix®** mag nie as 'n lugtoediening aangewend word nie.
- **Treevix®** mag nie op nat, dormante onkruid, of onkruid wat met stof bedek is, of deur ryp beskadig is, toegedien word nie.
- **Treevix®** mag nie in droë toestande, wanneer onkruid onder vogstremming is en verlep is, toegedien word nie.
- **Treevix®** behoort onder gunstige groeitoestande toegedien te word, vir optimale gewastoleransie en onkruidbeheer.

## TOEDIENINGSINSTRUKSIES

### Grondtoediening:

- Grondtoedieningstoerusting moet in goeie werkende toestand en korrek gekalibreer wees.
- **Treevix®** moet altyd as 'n tenkmengsel met 'n geregistreerde glifosaat-onkruidodder soos glifosaat 360 SL (bv. Roundup®) of glifosaat 450 SL (bv. Roundup® Turbo) gebruik word. 'n Byvoegmiddel word ook vir optimale wegbrandingsaktiwiteit vereis.
- Spuitkontak met blare, blomme, knoppe en vrugte van vrugtebome, hetsy weens foutiewe spuitneus-oriëntasie, of indirek weens fisiese drywing van spuitnewel, sal lei tot gewasskade.
- Gebruik 'n watervolume van 200 ℓ/ha om die **Treevix®**-mengsel toe te dien.
- Verseker deeglike benutting en algehele bedekking van onkruid.
- Digte onkruidblaredak mag kleiner onkruid afskerm en voldoende spuitbedekking verhoed. Daarom word dit aanbeveel dat die spuitmengsel toegedien word wanneer onkruid 15 – 30 cm hoog is. Wanneer digte of hoë onkruidpopulasies geteiken word, moet hoër spuitvolumes, of skuins-dubbelstraal spuitneuse gebruik word om beter penetrasie van die onkruidblaredak te verseker. Wanneer op groter onkruid toegedien word, sal 'n opvolgtoediening nodig wees.
- Verseker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en geskikte spuitneuse aan die spuitbalk gemonteer is om 'n egalige verspreiding van die onkruidodder op die onkruid te verseker, terwyl spuitnewel van die spuitpatroon tot die minimum beperk word.

**TABEL 1: Toedieningsdosisse**

GEWAS	DOSIS / HA	GEBRUIKSAANBEVELINGS
<b>SITRUS</b>	50 g <b>Treevix</b> <sup>®</sup>  <b>PLUS</b> 3 ℓ glifosaat 360 SL (bv. Roundup <sup>®</sup> ) <b>OF</b> 2,4 ℓ glifosaat 450 SL (bv. Roundup <sup>®</sup> Turbo)  <b>PLUS</b> 500 mℓ gemetileerde saadolie <b>OF</b> 750 mℓ Dash <sup>®</sup> HC	<b>Grondtoediening</b> Dien die <b>Treevix</b> <sup>®</sup> -mengsel toe as 'n gerigte spuit op onkruid in 200 ℓ water per hektaar wanneer onkruid 15 tot 30 cm hoog is.  Verwys na <b>Verenigbaarheid, Menginstruksies, Gebruiksbeperkings</b> en <b>Grondtoediening</b> .

**ONKRUIDE BEHEER**

**TABEL 2** lys die onkruid wat beheer of onderdruk word wanneer die aanbevole tenkmengsel toegedien word. Beheer van grasse kan ver wag word wanneer die aanbevole tenkmengsel toegedien word (verwys na die etiket van die geregistreerde glifosaat-onkruid doder om te sien watter grasonkruid word in sitrusboorde beheer teen die dosis se soos aanbeveel in **TABEL 1**).

**TABEL 2: Breëblare wat beheer word deur 'n mengsel van Treevix<sup>®</sup> en glifosaat**

<i>Bidens pilosa</i>	Gewone knapsekêrel	<i>Conyza bonariensis</i>	Klein skraalhans
<i>Chamaesyce hirta</i>	Rooimelkkruid	<i>Cosmos bipinnatus</i> **	Kosmos
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie	<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Chenopodium carinatum</i>	Groenhondebossie	<i>Euphorbia heterophylla</i>	Gekleurde melkkruid
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende Jood	<i>Galinsoga parviflora</i>	Knopkruid
<i>Convolvulus farinosus</i>	Akkerwinde	<i>Gnaphalium luteo-album</i> **	Roerkruid
<i>Conyza albida</i>	Vaalskraalhans	<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropiese-Richardia
**onderdrukking			

Alhoewel die aanbevole tenkmengsel ander breëblaar- en grasonkruid mag beheer, wat nie teenwoordig was tydens die eksperimentele effektiwiteit-sproewe wat uitgevoer is met hierdie produk nie, aanvaar die registrasiehouer geen verantwoordelikheid vir onkruid wat nie in **TABEL 2** gelys is nie.

**Registrasies en Handelsmerke:**

Roundup<sup>®</sup> is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC.  
Dash<sup>®</sup> is 'n geregistreerde handelsmerk van BASF.

Registrasiehouer: Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk  
- Roundup<sup>®</sup> (L407)  
- Roundup<sup>®</sup> Turbo (L7166)

Registrasiehouer: BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk  
- Dash<sup>®</sup> HC (L7469)





# Treevix®

GROUP	14	HERBICIDE
-------	----	-----------

Reg. No. L10406

Act No. 36 of 1947

READ ATTACHED PACKAGE OR LEAFLET BEFORE USE  
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

**A water dispersible granular herbicide for post-emergent control of broadleaf weeds in citrus.**  
**'n Waterdispergeerbare korreloonkruiddoder vir die na-opkomsbeheer van breëblaaronkruid in sitrus.**

Suspected of damaging the unborn child.  
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.  
Wear protective gloves, protective clothing and eye protection or face protection.  
IF exposed or concerned: Get medical attention.



**Active ingredient / Aktiewe bestanddeel:** Saflufenacil (pyrimidinedione) . . . . . 700 g/kg

## 0.50 kg

**Registered by / Geregistreer deur:**

BASF South Africa (Pty) Ltd  
Co. Reg. No. 66/10235/07  
852 Sixteenth Road  
P.O. Box 2801  
Halfway House 1685  
+27 11 203 2400

BASF Suid-Afrika (Edms) Bpk  
Mpy Reg. Nr 66/10235/07  
852 Sestiende Laan  
Posbus 2801  
Halfweghuis 1685  
+27 11 203 2400

**EMERGENCY NUMBER / NOODNOMMER: +27 82 446 8946**

**Batch No. & Date manufactured: Refer details printed on container**  
**Lotnommer & Datum vervaardig: Verwys na besonderhede gedruk op houer**

